



SAKELIGA
SELFSTANDIGE SAKEGEMEENSKAP

Ekonomiese Oorsig vir Besluitneming in die Sakewêreld

Junie 2020

Bestuursopsomming

- **Die grendeltoestand het die Suid-Afrikaanse en wêreld ekonomie erg geknou.** Daar is tekens van stabilisasie in die buiteland terwyl inperkingsmaatreëls geleidelik opgehef word, maar herstel sal waarskynlik taamlik stadig plaasvind en talle sektore bly in die moeilikheid.
- Vroeë aanduidings is dat prysdeflasie die oorhand kry, aangesien die vraag na produkte en kommoditeite in duie gestort het. **Sentrale banke druk egter geld dat dit klap** en die risiko bestaan dat inflasie skerp sal toeneem wanneer die vraag hervat.
- Die **rand het effens gestabiliseer** ná die markonstuimigheid van Maart en April, en die Reserwebank se rentekoersverlagings en beleidsingrypings het 'n mate van kalmte in die finansiële stelsel geskep. Ons waarsku egter dat die **onderliggende ekonomie uiters swak bly**.

Oorwegings vir korporatiewe strategie

SA grendelstaat:

Inperkingsregulasies bly 'n kritieke faktor vir herstel. Irrasionele regulasies duur voort. Sakeliga sal aanhou om dit te monitor.

Finansiële stelsel:

Kwynende staatsfinansies en bankrisiko's skep ruimte vir groot onbestendigheid en stram krediet in die finansiële stelsel.

Covid-sosialisme:

Covid-19 skep vir die ANC-regering 'n geleentheid om selfs meer sosialistiese beleid in te voer. Wees waaksaam.

Wisselkoers:

Die afverkoop van die rand in Maart/April het die rand effens onderwaardeer gemaak, maar ons bly versigtig om nie te gou optimisties te raak nie.

Rentekoers:

Die SARB het rentekoerse aktief verlaag en verwag om dit in die loop van 2020 verder te verlaag. Verwag laer koerse.


Wêreldwyd:

Wêreldwye herstel sal afhang van hoe vinnig inperkings opgehef word en vrees vir die virus afneem. Monitor dit sorgvuldig.


Suid-Afrikaanse ekonomie saamgevat

Hoofsaak:

Suid-Afrika is aan strawwe inperkingsmaatreëls onderwerp, met pynlike gevolge vir die land se ekonomie. Vinnige fiskale agteruitgang het gevolg. Nog rentekoersverlagings word verwag. Junie sal bewyse van herstel na vore bring.



Suid-Afrika se **aankopebestuurders-indeks** (PMI) is 'n indeks van ekonomiese aktiwiteit in die land se vervaardigingsektor. In April was die amptelike PMI 46.1 (wit lyn), net-net onderkant die vlak van 50.0 wat die skeidslyn tussen uitbreiding en inkrimping in die sektor is. Dit gee te kenne dat die uitwerking van die inperking op die nywerheidsektor nie so erg was nie. **Nadat egter aangepas is vir 'n fout in die PMI-metodologie wat ETM Macro Advisors ontdek het, het die aangepaste PMI in werklikheid tot net 14.6 gedaal (oranje lyn) – 'n insakking veel erger as die resessie van 2008/09.**



Ons **aanwysers van begrotingsdruk** neig tydens die Korona-krisis en grendeltoestand skerp hoër. Nuwe staatslenings en voortgesette rente-uitgawes sal binnekort 40% van alle regeeringsbesteding uitmaak en ons verwag dié syfer kan maklik naderhand 50% verbysteeek. Die regering voorsien 'n aansienlike toename in besteding wat veronderstel is om die effek van die inperking te versag, terwyl die inkomste uit belasting na verwagting met nagenoeg R300 miljard sal afneem. **Wanneer die ratio's in die grafiek hiernaas tot bokant 40% klim, word dit beskou as 'n ernstige fiskale krisis wat dreig.**



Die Universiteit van Oxford se data en ontleding van **die strengheid van inperkings** wys dat Suid-Afrika van die mees drakoniëse grendeltydperke ter wêreld gehad en regdeur Mei gehandhaaf het. Uit die grafiek kan ons sien die maatreëls in Swede en Taiwan was uiters toeskietlik, terwyl Suid-Afrika en Indië besonder strawwe inperkingsmaatreëls ingestel het, moontlik uit vrees vir die vatbaarheid van arm gemeenskappe. In Amerika was die inperking in sommige state streng en in ander gematig. **Die staat van inperking in SA is vanaf 1 Junie minder streng, wat beteken ekonomiese werksaamhede sal begin herstel.**




ETM **se saamgestelde arbeidsmarkindeks** het in April skerp teruggesak en waarskynlik in Mei verder gedaal toe ekonomiese bedrywighede landwyd tot stilstand geknars het. Dalende omset het maatskappye verplig om personeel af te lê. Werksekerheid is op 'n laagtepunt en vir talle wat daarin kon slaag om hul werk te behou lê wesenlike salarisvermindings voor. 'n Besnoeiing van personeelkoste is deels hoe sakeondernemings aan die gang probeer bly te midde van die skerp daling in verkope. **Ons raming toon dat werksverliese waarskynlik op iets tussen 2-3 miljoen mense neerkom. Indiensnemingstoestande sal in Junie langsamerhand begin herstel.**


Wêreldekonomie saamgevat

Hoofsaak:


April was klaarblyklik die ergste maand wat die agteruitgang van die wêreldekonomie betref. Tekens van besteding begin kop uitsteek, maar China wys dat die herstel nog taamlik langsaam bly. Wees bedag op inflasierisiko's vorentoe.




Die New Yorkse Federale Reserwebank produseer die **Amerikaanse weeklikse ekonomiese indeks (WEI)** om ekonomiese aktiwiteit met die jongste inligting te monitor op 'n weeklikse grondslag. Die WEI het in Maart en April skerp gedaal, maar in Mei begin stabiliseer toe sommige Amerikaanse state se inperkingsmaatreëls verslap is. Die indeks gee te kenne dat die inperkings moontlik 'n ekonomiese depressie geskep het van 2-3 keer erger as die resessie in 2008/09. **Die belangrikste faktor wat ons nou vir Sakeliga se lede sal monitor is hoe vinnig dié indeks in die weke en maande vorentoe herstel namate inperkings in nog dele van dié land opgehef word.**



Een van die faktore rakende die Covid-19-krisis wat ons met 'n valkoog dophou is die skerp toename in **geldvoorraadgroei in dollar** terwyl die Federale Reserweraad geld druk in 'n poging om banke en maatskappye tydens die inperking uit 'n verknorsing te red. Op sowat 25% j/j is dit verreweg die hoogste geldgroei sedert WOII. Vroeë inflasietekens toon pryse wat daal weens die gedwonge afname in besteding. **Namate die ekonomie oopmaak kan ons moontlik egter sien hoe ál meer geld na die koop van goedere en dienste vloei en inflasierisiko's kan toeneem. Inspuitings van nuwe geld lyk wel in Mei of dit nou verlangsam.**



Omdat China die eerste land was wat weens Covid-19 ingeperk was en ook daaruit gekom het, kan dit ons iets sê oor die waarskynlike herstel ná 'n inperking. Chinese **voertuigverkope** sedert Feb/Maart het herstel maar die data vir April/Mei staan op sowat 20% onderkant die gemiddelde vlakke van 2016-19. Nywerheidsuitsitsyfers in die besonder vertoon steeds swak en sakebedrywighede is nie vinnig aan die herstel nie. **Chinese data is in die algemeen 'n verbetering op die ergste vlakke maar sukkel nog om te herstel te midde van die wêreldwye inperkingsresessie en stappe deur Beijing om die land na 'n staat van inperking terug te neem.**



Intermediêre ruolie in Wes-Texas het op 20 April tot 'n verbluffende **-\$38/vat** getuimel. Dis reg, 'n negatiewe prys. Dis veroorsaak deur 'n akute tekort aan bergingsruimte, wat produsente aangespoor het om kopers te betaal om die olie by hulle oor te neem, anders moes hulle dit teen groot koste probeer opgaan of die gevaar van omgewingsboetes loop as hulle die olie sou probeer stort. Dié situasie het nou verbeter. Oliepryse het teruggebons tot bokant \$30/vat. **Die lae prys het die voorsiening van olie laat daal (minder voorraad), terwyl die vraag besig is om te herstel namate inperkingsmaatreëls wêreldwyd in Mei en Junie verslap word.**

Suid-Afrika: Telkaart vir Presidensiële Beleid

Huidige telling: 30/100

Die Suid-Afrikaanse regering stel teenstrydige beleidstandpunte ten toon, wat sakelui laat wonder of die administrasie die las van staatsbeheer en regulering op die ekonomie gaan verlig, of nie. Die beloofde hervorming vorder klaarblyklik traag, hetsy weens 'n onvermoë of 'n onwilligheid om te hervorm, of albei.

Teen hierdie verwarrende en teenstrydige beleidsagtergrond is dit veral belangrik om te bepaal hoe bestaande de facto-beleid meetbare makro-ekonomiese aanwysers beïnvloed. **Só hoop ons om met 'n telkaart die administrasie se vordering met beleid na te volg wat betref die uitwerking wat dit in die werklikheid het, eerder as die uitwerking wat dit veronderstel of belowe is om te hê.**

Ons telkaart bevat 10 faktore wat elk 'n punt uit 10 kry om 'n telling uit 100 te gee. Ons wys 'n onaangepaste en sakesiklusaangepaste indeks (ons gebruik die ETM-sakesiklusaanwyser). Die aangepaste indeks verminder die effek van 'n opswaai of afswaai in 'n sakesiklus.

Die 10 faktore:

- ETM se saamgestelde arbeidsmarkindeks (Stats SA, BEO, SACCI)
- Die rand teenoor 'n mandjie ontluikendemarkgeldeenhede se wisselkoerse (Macrobond)
- Suid-Afrikaanse effekteopbrengste vergeleke met buitelandse effekteopbrengste (Macrobond)
- Peiling oor politieke beperkinge op die sakewêreld (BEO)
- ETM-indeks van SA Fiskale Stres (Stats SA, Nasionale Tesourie)
- Vertroue rakende vaste investering in vervaardiging (BEO)
- SA teenoor ontluikende markte se prestasie van klein- en middelkapitalisasie-aandele (MSCI)
- Energieproduksie (Stats SA)
- Netto private investering/verbruiksverhouding (SARB, Stats SA)
- Netto internasionale beleggingsposisie/BBP-verhouding (SARB, Stats SA)

SA Presidensiële Beleidstelkaart

Suid-Afrika, Saamgestelde Indeks



Bron: Macrobond, ETM Macro Advisors, Sakeliga



VERSLAG SAAMGESTEL DEUR:

Russell Lamberti (Hoof - ETM Macro Advisors) & Gerhard van Onselen (Senior Ontleder - Sakeliga)